



# HANDEVAT 2020

HUISE WAT JESUS VOLG

*lewe beter*



16 Maart 2020

## Woord vir die Week

Kom saam as huis, skakel alle elektronika af, sit om 'n tafel en gesels saam oor God se Woord vir die week:

*Jak 3: 5 – “So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie en tog het dit groot mag.”*

- Reflekteer oor die vraag: Wat kan ek doen om beter woorde te gebruik? Hoe kan ek my woorde laat tel?
- Dink 'n bietjie: Op watter manier kan ek die spreek van woorde uitstel? (dink voor ek praat)
- Deel met mekaar: Wat is die beste manier van kommunikeer in ons huis? Wat is nodig om dit te laat gebeur?
- Deel met mekaar: Wat is die beste manier van kommunikeer op sosiale media?
- Deel met mekaar: Watter woorde wat aan jou gesê is, het die grootste impak in jou lewe gemaak?
- Reflekteer: Het ek nodig om met iemand te praat oor die effek wat negatiewe woorde in my verlede al op my lewe gehad het?

Lees ook: Gen 1: 3 – 11; Spr 16: 24; Ef 4: 29; Pred 9: 18; Spr 12: 18;



*Ons sal jou help*

HANDEVAT 2020

## Habitat vir Kinders

Ek lees die volgende storie op die internet raak oor die krag van woorde:

*'n Groepie paddas het deur die woud gereis en twee van hulle het in 'n baie diep put geval. Al die ander paddas het rondom die put vergader. Toe hulle sien hoe diep die put was, vertel hulle die twee paddas dat hulle so goed as dood is.*

*Die twee paddas het die kommentare geïgnoreer en probeer om uit die put te spring so al wat hulle werd is. Die ander paddas het aan hulle vertel dat hulle maar net sowel kan ophou spring want hulle is so goed as dood is. Uiteindelik, het een van die paddas gehoor gegee aan wat die ander paddas gesê het en moed opgegee. Met sy laaste sprong poging het hy neergeval en dood gegaan.*

*Die ander padda het steeds gesprong so hard en hoog hy kon. Weereens het die paddas buite die put vir hom gegil om op te hou om homself so te pynig en maar eerder rustig te raak en kalm dood te gaan. Maar die padda het net harder gesprong en uiteindelik maak hy dit toe om uit die put te kom.*

*Toe hy uit die put is vra die ander paddas aan hom, "Het jy ons nie gehoor nie?" Die padda verduidelik toe aan hulle dat hy doof is en dat hy onder die indruk was dat hulle almal hom die heelyd aangemoedig het om nog harder te probeer.*

'n Baie eenvoudige storie, wat ons daarop wys dat ons woorde 'n kritieke rol speel in ons kinders se lewens.





HANDEVAT

2020

KOM NES JY IS

## Habitat vir Tieners

In die wêreld waarin ons leef, is daar baie twyfel. GenZ's kom op baie verskillende vlakke met twyfel in aanraking. McDowell & Wallace help ons dink oor die twyfel wat ons kinders beleef en gaan beleef: (bl. 92 in "So the Next Generation will Know")

*Many young Christians today have doubts and questions about their faith. Given their exposure to endless viewpoints, it makes sense they would wonder: 'Can I really know truth? How can I be confident in my beliefs when other people, who see the world differently, are certain about theirs?'*

*Questioning is a natural experience for many Gen Zers. But it need not destroy their faith. In fact, doubt itself is not necessarily destructive to faith – unexpressed doubt is. We need to encourage students to express doubts and ask questions to assure them we still love them and will help them find answers.*

Om hierdie woorde te lees kan vreesaanjaend wees. Wat as my kind my vasvra? Wat as ek nie vir my kind 'n antwoord kan gee nie?

Vir te lank leef ons met die idee dat een van die funksies van ouerskap is om antwoorde te gee. My GenZ-tiener gaan nie sy twyfel met my deel as ek my rol as ouer so sien nie. Ek moet eerder leer om my kind se vrae te verwelkom en saam met hom/haar te soek na 'n antwoord wat vir my sekerheid bring.

*Preparing Young Christians  
for a Challenging World*



# HANDEVAT 2020

## LEER JESUS VOLG



KRUIN kerk

## Volg Jesus – Lewe Beter

Het jy al gewonder – hoekom is dit so dat daar so baie depressie tussen ons is, al gaan dit so goed met ons? Hoekom wil ons so graag wegkom van ons omstandighede van rykdom deur heelyd te wens ons kan iewers ander wees? Hoekom beleef ons pyn te midde van 'n lewe van oorvloed – soveel pyn dat verslawings, drankmisbruik en kompulsiewe gedrag maniere geword het waarmee ons poog om van ons pyn weg te kom?

Len Sweet skryf hieroor: *“It’s almost as if Jesus had diagnosed our condition: ‘What good is it for someone to gain the whole world, yet forfeit their soul?’ It’s almost as if Jesus’ warning were coming true: ‘Watch out... life does not consist in abundance of possessions.’ It’s almost as if higher wages won’t bring happiness and higher life expectancy won’t bring happiness, for only the Bread of Life will satisfy.”* (Uit: “Rings of Fire”, bl. 6)

Om Jesus te volg sal jou lewe beter maak – nie omdat jy meer gaan kry nie, maar omdat jy versadig gaan word deur die Brood van die lewe!

Schalk Basson

(082 775 6269)